

Koffieklets

Bladsy 2	Bladsy 4	Bladsy 8
Waarom koffie vir ons belangrik is	Hoe raak ons die gemeenskap aan?	Kenner deel haar musiekkennis

Die reuk van koffie



Die derde en vierde kwartaal se tema is koffie.

Lidmate kuier gereeld met 'n koppie koffie in die hand by Café Kremetart, ons gemeente se eie koffie- en geskenkwinkel op die kerkterrein; vandaar ook ons nuusblad se naam: Koffieklets.

*"Dit is vir my altyd so spesiaal om te sien hoe gemeentelede sit en koffie drink na die erediens," skryf dr. Willem Pretorius, een van ons leraars. **Artikel vervolg op p.2.***

Koffie en Christenskap

Vervolg van p.1: As jy 'n tree wegstaan, hoor jy hoe mense gesels en sien jy hoe word koppies met koffie gelig vir 'n heerlike slukkie Boeretroos. Mag die evangelie ons koffie wees en nooit sy heerlijkheid verloor nie; die evangelie moet altyd sy sprankel behou.

Drink vandag 'n koppie koffie, maak jou oë vir 'n oomblik toe as jy die koffie proe en dink aan hoe gelukkig jy is om Christus in jou lewe te kan hê.

Christus se sterwe en opstanding is nie 'n doodgewone "iets" wat gereeld gebeur nie.

Dit was 'n eenmalige gebeurtenis: 'n Wondergebeurtenis waar iemand gesterf en opgestaan het en deur die Gees by ons teenwoordig is.

Die evangelie gaan oor alle mense, maar die evangelie gaan ook oor my en jou en ons behoeftes.



Christus het mens geword en onder ons kom woon. Hy het gekom om vir ons (en van die wêreld) 'n beter plek te maak. Mag jy Sy seën vandag ervaar.

- Ons Dankfees vind op 6 November 2022 om 09:00 in die kerk plaas. Ons doelwit is om hierdie jaar meer as R300 000 in te samel.

Gemeentelede word uitgedaag om 'n tiende van hulle inkomste kerk toe te bring tydens die geleentheid. Lidmate kan kontant tydens die erediens gee, debietordervorms by die kerkkantoor invul of fondse direk in die kerk se bankrekening inbetaal.

Die rekening is soos volg:
Naam: NG Kerk Kameeldrif;
Bank: ABSA; Nommer: 1430580104.

Groete in Christus, dr. Willem en die res van ons leraar-span (dr. Roelf, ds. Drian, ds. Liesel en ds. Alwine).

Ons is in ons gemeente betrokke

Hierdie groepe klets 'om' koffie



Op Woensdaaende om 18:00 kuier 'n groep naskoolse jongmense by Café Kremetart saam; dié groep staan as die Koffiekletsers bekend. Vir meer inligting of om betrokke te raak, skakel gerus vir Jurgens (071 373 4164) of ds. Drian (084 608 2859).



Foto, links: Kayleigh Vermaak en haar span het gesorg vir Café Kremetart se moderne en kraakvars voorkoms. Sy nooi gemeentelede en ander belangstellendes uit om dié koffie- en geskenkwinkel te besoek. Besigheids-ure is soos volg - Maandae tot Donderdae (08:00 tot 16:00); Vrydae (08:00 tot 13:00) en Sondag (08:00 tot 11:00). Vir besprekings: 060 331 9532.

Foto, regs: Fameliekerk NG Kameeldrif se hekel- en breigroep kom ook weekliks (elke Dinsdag om 09:00) by Café Kremetart bymekaar. Adele Joubert (082 724 5531) staan aan stuur van (naaldwerk)sake en sien uit om nuwe lede te verwelkom.



Ons is in ons gemeenskap betrokke



KAMCARE
SOCIAL AND TRAINING SERVICES

PBO 930/029/982

NPC 2008/020258/08

OMGEE, OPLEI EN ONTWIKKEL | CARE, TRAIN AND DEVELOP
Kamcare (Kameeldrif gee om) is 'n nie-winsgewende besigheid wat sedert die jaar 2008 bestaan en uitreikaksies namens die gemeente hanteer.

Webtuiste: www.kamcare.co.za

Liezel Landman: 072 150 3994 | Alwine Strauss: 084 585 8594

Hoe trap ons nog 'koffiespore' in die gemeente en gemeenskap?

Die afgelope jaar het ons gemeente deur middel van Kamcare Sosiale- en Opleidingsdienste:

- * Byna 350 beradingsgesprekke oor trauma, rou, geloof, verhoudings en depressie gehad.
- * Meer as 130 gesinne van kospakkies voorsien.
- * Nagenoeg 100 gesinne het hierdie Winter komberse gekry.
- * In totaal vind 20 gesinne direk by ons groentetuinprojek baat.
- * 'n Duisend kilogram se meel word maandelik aan 34 kleuterskole in die omgewing verskaf.
- * Altesaam 132 gesinne is van kospakkies voorsien.
- * Nagenoeg 80 bejaardes word maandeliks besoek.
- * Ons gemeente is ook betrokke by Jakaranda-kinderhuis se geestelike bediening.

Sien ook p. 5 tot 7.



Ons is in ons gemeenskap betrokke

Opleiding bly van kardinale belang

Entrepreneurskap is die oplossing tot die wêreld se armoede, glo Liezel Landman van Kamcare Sosiale- en Opleidingsdienste (inlas).



Mense vra my soms hoekom fokus ons op entrepreneurs. Armoede is baie groot en min mense kry werk in die area, daarom wil ek mense oplei om hul eie besighede te begin, al is dit hoe klein. Dit bly vir my belangrik om mense onafhanklik van die staat te kry en vir hulle 'n alternatief te gee (as misdaad).

My visie is om Kamcare se entrepreneursontwikkelingsprogram uit te bou en uiteindelik geakkrediteerde opleidingskursusse aan te bied. Ons is tans in die proses om Kamcare as 'n geakkrediteerde opleidingsinstelling te registreer.

In die entrepreneursontwikkelingsprogram het

ons drie areas waarop ons fokus:

- * Entrepreneurskapsopleiding wat ons in samewerking met Unisa aanbied

- * Verdere opleiding word gegee om mense in staat te stel

om onder andere bak-, sweis-, kook- en naaldwerk besighede te begin.

- * Die verkryging van Swartbemagtingsfondse om entrepreneurs te help met beginkapitaal; hiermee gepaard gaan mentorskap sowel as die skakeling met bestaande besighede.

Hierdie jaar is 20 nuwe entrepreneurs opgelei; ongeveer 50 mense het 'n nuwe vaardigheid aangeleer en in totaal kan 50 mense nou 'n groentetuin bemeester.

Deur mense toe te rus met praktiese vaardighede en kennis, kan mense na hulleself sowel as hulle gesin begin omsien.

Liezel: 072 150 3994.

Ons is in ons gemeenskap betrokke

Ditjies en datjies by Kamcare

Koskas kort aanvulling

Ons gemeente ondersteun die omgewing.

Die volgende items word dringend benodig: Pasta, soutvleis (*corned beef*), soppoeier, tandepasta en seep. U kan ook enige ander nie-bederfbare produkte skenk soos toiletware, olie, tee, koffie, en dies meer. Die items kan voor of na die erediens by die kerkkantoor of agter in die kerkgebou afgegee word.

Benodig jy dalk hulp?

Is jy bewus dat Kamcare 'n beradingsentrum het?

"Ons glo dat mense in nood toegang moet hê tot ondersteuning," vertel die Kamcare-span.

"Hier by ons terapisentrum vind mense hoop, ontwikkel hulleself en vind die sin in hulle lewens."

Vrywilligers benodig

Jakaranda-kinderhuis se jaarlikse Liggiefes vind weer Desember plaas.

Ons gemeente maak en verkoop hamburgers tydens die geleentheid om fondse te genereer vir ons geestelike bediening van Jakaranda-kinderhuis.

Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.



Insameling: 'n Sukses

Baie dankie aan elke individu en/of besigheid wat Kamcare se gholfdag op 2 September 2022 by Pebble Rock gholflklub ondersteun het. Die dag was 'n reuse-sukses.

Het Werk & Soek Werk

Ons wil graag 'n Het Werk & Soek Werk-kolom begin.

Weet jy moontlik van enige beskikbare poste en/of benodig jy dalk self 'n vakature? Stuur die nodige inligting na 083 309 7480 of machelene@mailbox.co.za.

Ons is by ons jeug betrokke

Hoe word die jeug gehelp?

Kamcare se span skryf: Ons het besef dat kinders wat in informele nedersettings woon baie met skoolwerk sukkel.

Daarom begin ons reeds op 'n vroeë ouderdom met die kinders werk om hulle skoolgereed te kry.

Kamcare gebruik 'n aanlynleesprogram met die naam *Reading Eggs*; die program word deur meer as 20-miljoen kinders wêreldwyd gebruik.

Elke kind is onafhanklik ingeskakel op die program en werk op sy/haar eie pas. Twee verskillende kleuterskole se Graad R-kinders is deel van die program en ons bereik tans 50 kinders.

Kamcare het ook 'n projek waar altesaam 116 kleuterskoolonderwysers opleiding ontvang.

Hulle leer onder meer hoe om 'n kleuterskool suksesvol te bedryf; hoe om lesplanne uit te werk en hoe om

kinders optimaal te ontwikkel.

Byna 35 kleuterskole is deel van die projek. Die skole is in Refilwe, Walmanstahl, Shoshanguve, Dennilton, Eersterust en in verskeie informele nedersettings in die Roodeplaat-omgewing.

Dan word 1 400 kleuters weekliks van versterkte mieliepap sowel as vitamienaanvullings voorsien en 40 toebroodjies word weekliks aan behoeftige leerlinge by Laerskool Die Poort gegee.


Laastens, is ongeveer 300 kinders van musse, serpe, kombers en trui hierdie Winter voorsien.

Wat hou die toekoms in?

Kamcare is besig om 'n groentetuin by elke kleuterskool te vestig.

Kinders leer hoe om eie groente te kweek. Die projek

word in samewerking met *Farmer's Kidz* aangebied. As jy betrokke wil raak, ds. Alwine (foto, inlas).



Ons is in ons gemeente betrokke

Kenner skryf pragboek oor musiek

Die gemeente se erediens-koördineerder, Karien Pretorius, het onlangs die boek *Missionale Musiek-melodie* die lug laat sien.

Karien, 'n kranige musikant en musiekkenner, glo dat musiek 'n integrale deel in enige erediens speel.

'n Paar van die vrae wat sy in haar nuwe boek aanspreek, is



onder meer: Watter boodskap dra geestelike musiek oor? Hoe help musiek gemeentes in aanbidding? En hoe bedien ons mekaar met die liedere wat ons saam sing? Van Karien se eie verwerkings is ook in die boek te vind. *Missionale Musiekmelodie* is by die kerkkantoor te koop.

Groei in jou geloof met ons kleingroepe

Dr. Willem Pretorius sal voortaan die volgende twee kleingroepe lei:

- Die groep vir alle mans ouer as 50 jaar: Die manne kom nou elke Donderdag om 08:00 in die konsistorie bymekaar.

"Ons gebruik ons teologiese bril om oor allerlei aktuele sake te gesels."

- Die Nehemia Bybel-

studiegroep kom ook elke Donderdag bymekaar, maar dié geleentheid vind om 10:30 in die konsistorie plaas. "Ons kuier en gesels saam oor Stephan Joubert se boek, *God se wil vir jou lewe*. Almal is welkom" sê dr. Willem. "Vir elke persoon is hier 'n spesiale plek om te leer, te groei, te dien en saam te beleef!"

Adverteer jou besigheid gratis in die rubriek

Algemene kennisgewings en/of advertensies tot en met 20 woorde word gratis in dié rubriek geplaas. Stuur gerus die nodige inligting in 'n WhatsApp-boodskap na 083 309 7480 of stuur 'n e-pos na machelene@mailbox.co.za.